
Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.



Jrg. 11. Kaapstad, 21 November 1951. Prys 3d. Nr. 1.

# VERSET GROEI AAN TEEN PARTYPOLITIEK, SÊ BLAD

**Onder die opskrif, „Die Partypolitiek as Vyand" skryf die maandblad Suid-Afrika, wat in Johannesburg uitgegee word onder redaksie van 'n groep Randse professore en ander geleerdes, dat die getal mense wat 'n hekel het aan die partypolitiek by die dag aangroei en dat die partypolitieke stelsel waarmee ons opgeskeep sit, heeltemal ongeskik is vir ons omstandighede en geen groot vraagstuk blywend kan oplos nie. Die blad skryf:**

Wat van Afrika uit die klassieke tyd gesê is, kan in politieke opsig vandag nog van Suid-Afrika gesê word: **Ex Africa semper aliquid novi. 'n Panoramiese blik op ons politieke lewe en strewe sedert Unie gee nie alleen oneindige beweeglikheid nie, maar ook ingrypende veranderinge van groot historiese belang van tyd tot tyd te sien. Vir wie die partypolitiek slegs 'n spel is sonder meer, sou die gebeurtenisse van die afgelope vyftig jaar selfs die voorkoms hê van 'n kaleidoskoop — voortdurend wisselende kleure en altyd interessant met die oog op onverwagte en verrassende nuwe verskynsels. Partye het verskyn en partye het verdwyn; politieke ooreenkomste en pakte het sporadies ontstaan en herhaaldelik vervloei; skeuring en hereniging onder Afrikaners het met eentonige reëlmatigheid heen en weer geskoppelmaai; versoening tussen liberale Suid-Afrikanisme en minder liberale Afrikaner-nasionalisme het gesukkel en gesukkel en lê nou oënskynlik op sterwe na dood.**

### MOEG

Boekdele sou nodig wees om dit alles uit te pluis en in behoorlike perspektief te stel, en dit sou byna bomenslike regverdigheidsin en sedelike moed vereis om aan te toon, selfs as 'n saak van opinie, dat daar sowel binne as buite die mure van Troje gesondig is. **Waarheid is egter dat die getal mense wat 'n hekel het aan die partypolitiek, en wat albei groot partye, tesaam met al die kleintjies en die halfslagtige politiekery van sogenaamde nie-partypolitieke organisasies, onder 'n atoombom sou wil steek, by die dag aangroei. As daar beginselverskille van betekenis tussen die partye is, hoe gebeur dit dan dat daar knap en verstandige mense is wat voortdurend tussen die partye skipper, en dat dieselfde man in sy leeftyd op verskillende tye aan die hele boel behoort het?**

### WEINIG VERSKIL

As 'n mens die saak op die keper beskou deur vooraanstaande individuele gevalle na te gaan, wil dit voorkom asof daar geen diep en onoorbrugbare kloof tussen die partye bestaan nie. Hoe kan dit ook anders wanneer ons geografiese en ekonomiese omstandighede so inmekaargevleg is dat ons almal saam moét vooruitgaan of ondergaan? Maar dit word nie altyd besef nie. Ons gedra ons altans asof die verskillende partye en groepe verbitterde en onversoenlike vyande van mekaar is en moet wees. „Afrikaners" en „Suid-Afrikaners" raak al meer en meer van mekaar verwyderd, om van blankes en nie-blankes nie eens te praat nie.

### VORDERING

Wat die eersgenoemde twee groepe betref — die blankes — is dit opvallend hoeveel vordering Engelssprekendes in die laaste jare op die pad na 'n breër Suid-Afrikanisme gemaak het. Hulle het egter nog heelwat agterstand om in te haal, al moet billikerwys erken word dat die invloed van die twee wêreldoorloë op Suid-Afrikaanse verhoudings hul taak soms onnodig bemoeilik het. Die antipatie teen die Britte en die Bondgenote was wel tot sekere hoogte verklaarbaar, maar desnietemin kortsigtig met die oog op nasiebou in Suid-Afrika. In hierdie opsig lyk dit byna of Botha, Hertzog en Smuts tevergeefs gearbei het. Nasionalisme, wat noodsaaklik is vir selfrespek en algemene vooruitgang, word maklik partikularisties in 'n land van verskeie nasionaliteite. En wanneer eenmaal Nasionaal met 'n hoofletter deur een groep as 'n alleenreg opgeëis word, dan word die ontwikkeling van 'n landswye nasionalisme vrywel onmoontlik; en dan word daar in die partypolitiek op onnatuurlike wyse opposisie veroorsaak teen beleidskwessies waaroor daar vanselfsprekend eensgesindheid moes gewees het.

### PAS NIE VIR S.A.

**Die onaangename feit is dat die soort partypolitieke regering waarmee ons vandag opgeskeep sit, heeltemal ongeskik is vir ons omstandighede en geen groot vraagstuk blywend kan oplos nie.** Enige bestendige Suid-Afrikaanse regering moet 'n samestelling wees van die twee vernaamste blanke volksdele. Hoe dit bewerkstellig moet word en in watter mate die gewone partypolitiek dienooreenkomstig gewysig sal moet word, kan ons nie hier bespreek nie. **Ons konstateer net die oortuiging dat dit kan en moet gedoen word as ons vir ons 'n veilige voortbestaan wil verseker.**

### REAKSIES

Vandag is die Afrikaner bo — wat niemand wat ons geskiedenis ken hom sal misgun nie. Egter binne perke. Klaarblyklik, te oordeel na uitlatings van verantwoordelike ministers, is hy van plan om bo te bly. Dit sou ook in orde wees, mits sulke planne op politiek-eerlike wyse onderneem en uitgevoer word. Die Afrikaner is bekwaam en man-van-die-daad en die huidige regering het seer seker kragdadig opgetree en heelwat tot stand gebring om Suid-Afrika so los en onafhanklik en blank te maak as wat maar kan. As hulle so voortgaan, sal hulle alle opposisie mettertyd kleinkry en baas wees tot aan die Sahara of selfs aan die Middellandse See. Maar hul metodes was plekplek skokkend en eties kwalik te verdedig, met die gevolg dat kwaai reaksies nie lank uitgebly het nie. Die Kleurlinge, die Bantoes, die Indiërs, die Protektorate, Simonstad, die mynmagnate en kapitaliste, die Fakkelkommando en al dergelike on-Afrikaanse en onnasionale elemente sal die een na die ander gelikwideer word — dis wis en seker. **As dit maar net kán! Maar kán dit?**

Nadat die blad iewat filosofies voortredeneer oor wat in die politiek en ons „partikuliere nasionalisme" ontbreek, kom hy tot die gevolgtrekking:

**„Miskien moet ons 'n nuwe party stig met die een en enigste doel om politieke partye af te skaf."**

## *Werwing van Lesers*

# MOOI REAKSIE OP WENK VAN „TAURUS"

**Gunstige reaksies het reeds gevolg op die wenk van „Taurus" 'n paar weke gelede dat intekenare van Die O.B. dubbele intekengeld betaal en dan twaalf name stuur van persone wat moontlik gewillig sal wees om lesers van die blad te word. Hulle ontvang dan die blad vir een maand gratis in die hoop dat hulle daarna self sal inteken.**

Sewe lesers het die afgelope week die wenk opgevolg deur geld en name te stuur. Sommige het wel minder as twaalf gestuur, maar alles help en ons is dankbaar vir hul hulp. Alleen deur iets te DOEN kan ons vorder. Een persoon het dubbel die getal gestuur.

Meeste insenders verkies dat hul name nie in die blad vermeld moet word nie en sommige verkies 'n skuilnaam.

Van „Ou S.A. Republikein," Kimberley, het ons 24 name en adresse ontvang. (In 'n brief aan Die O.B het hy ná die Grootraadsvergadering sy ondersteuning aan die skepping van 'n front vir staatshervorming toegesê en gemeld dat hy nog „al die jare 'n lid van die Nasionale Party" is, en met hierdie front behulpsaam wil wees omdat hy ook geen heil van die partystelsel verwag nie. Dit is duidelik dat hy meen wat hy sê!)

Van 'n leser op Tweeling, O.V.S., en een van Groot Marico, Tvl., het ons elk 12 name ontvang; van „Hoopvol," Paarl, 10 name ; van ons staatmakerleser op Stellenbosch wat al voorheen intekenare gewerf het, 7; van 'n leser op Williston 2 en van „Geamuseerde Glimlag," Kakamas, 2.

**Net met die wegspring dus het ons reeds 69 nuwe Afrikaners wat met ons blad gaan kennis maak.**

Behalwe hierdie intekenare op tydelike grondslag het ons van 'n leseres op Velddrift 2 nuwe intekenare ontvang en van 'n leser op Bethlehem 1.

# STUUR BYDRAE VIR BLAD

**Van mev. M. C. Hofmeyr (kommandante), Paarl, het ons 'n tjek van £5 ontvang. Dit is 'n spesiale bydrae van die Paarlse Boerejeug tot die O.B.-blad se fonds, skryf sy.**

**Ons waardeer hierdie mooi poging van die Boerejeug op Paarl om ons blad se belange te bevorder. Die besef wen reeds in wyer kringe veld dat as ons vooruit wil kom in die noodsaaklike rigting waarin die O.B. beweeg, ons eers ons blad moet uitbrei en sterker maak. Elke bietjie ondersteuning, hoe gering ook al, is 'n stoot vorentoe op hierdie pad.**

**Die jeug besef dat dit vir hul toekoms is wat ons veg!**

# *BLINDE STUUR INTEKENAAR*

In ons berig oor nuwe intekenare verlede week is melding gemaak van vyf nuwe intekenare wat gewerf is, maar daar is net van vier verslag gedoen. Die vyfde is 'n heel besondere geval, maar is per abuis uitgelaat. Die insender is 'n blinde man wat eiehandig met behulp van sy vrou 'n brief geskryf het waarby hy die adres van 'n nuwe intekenaar insluit. Om begrypliker wyse wil hy nie sy naam vermeld hê nie. Hy skryf onder meer:

„Ek stuur u 13s. vir die O.B. vir een jaar. As blinde ou man skryf ek aan u met behulp van my vrou en wil graag 'n gewese lid van die O.B. terugwen. As oudstryder en verbete republikein wil ek met Gods hulp nog vir my land en volk werk, en hoop ek dat hierdeur weer 8 persone teruggewin sal kan word."

# Verbruikerspot Begin te Kook—Sonder Vleis

**Nadat die prys van beesvleis verhoog en die beheer oor skaapvleis opgehef is, het veepryse die hoogte ingeskiet en spekulante het, na berig word, skaaptroppe ongesiens gekoop en weer ongesiens aan ander spekulante teen groot wins verkoop. Vir hamels is tot £12 stuk betaal en op Heidelberg, Tvl., is 'n slagos selfs vir soveel as £105 aan 'n slagter verkoop. Die man wat moet betaal is die loon- en salaristrekker in die stad wat reeds wurg om kop bo water te hou. Wat gaan die reaksie teen hierdie onbehoorlike opjaging van voedselpryse wees?**

'n Mens—selfs 'n goeie mens — kan nie onbeperkte laste dra nie. Daar kom 'n oomblik wanneer hy wanhopig word, en daar moet gewaarsku word dat die stedelike verbruiker die punt nader wanneer die stryd om te bestaan vir hom allesoorheersend sal wees. **Wanneer produsente tien maal meer kry vir hul produkte as voor die oorlog, terwyl die verbruiker se lewenskoste bereken word op 'n styging van 70 persent, moet dit duidelik wees dat die skaal baie, baie skeef trek.**

Dit help nie om met die verskoning te kom dat die lewenskoste in ander lande soveel hoër is nie. Ook die lone moet vergelyk word, en in daardie lande met die hoër lewenskoste is die lone dan ook veel hoër as hier.

### PROTESTE

Sowel in die Engelse as die Afrikaanse pers was daar dan ook die afgelope week waarskuwings wat van die kant van stedelinge teen verdere styging van die lewenskoste. Groot verontwaardiging is ook uitgespreek teen die openhartige verklarings wat sekere boere in die pers bied vir die vleistekort, wat voortduur ten spyte van aansienlike verhoogde pryse. Hulle vind die fout by die superbelasting op inkomste waardeur 'n boer swaar belas word sodra sy inkomste £1,750 oorskry. **'n Skaapboer van Caledon het verduidelik dat hy liewer meer plase aankoop en meer skape opkoop om sy nuwe plase te bewei as om „1,600 vet hamels" mark toe te stuur uit vrees dat sy belasbare inkomste die £1,750-kerf te bowe gaan. Sy werklike inkomste is meer as £16,000.**

### STEEDS MINDER

**Die veel hoër pryse wat stedelinge moet betaal vir vleis, besorg hulle dus nie meer vleis nie, want die ryk boere stuur eerder minder vee slagpale toe ten einde minder belasbare inkomste te kry. Pryse styg dus daardeur nog hoër — noudat beheer opgehef is—en die kleiner boer word beweeg om selfs aanteelvee na die mark te stuur ten einde te deel in die ongekende voorspoed. Ook dit beteken minder vleis vir die toekoms.**

Teen die „onvaderlandsliewendheid" van die ryk boere het stedelike verbruikers in die pers gewaarsku en selfs gewag gemaak van 'n nuwe partyindeling wat die stedeling teen die boer sal mobiliseer. **In Kaapstad is juis 'n beweging aan die gang om verbruikers te organiseer en 'n groot vergadering is vir 29 November belê.**

**Wat ook al aan die vraagstuk gedoen gaan word, een ding moet besef word en dit is dat dit niemand betaal om munt te slaan uit die nood van ander nie. Die lewenskostelas kan nie net op die salaris- en loontrekker aldeur afgelaai word sonder dat reaksies sal uitbly nie.**

DIE O.B., WOENSDAG, 21 NOVEMBER 1951

# WAS MacARTHUR REG?

Die toestand in Korea waar die V.V.O. nou al vir anderhalf jaar besig is met 'n „strafekspedisie" teen 'n groepie „Koreaanse kommuniste" en vir die afgelope halwe jaar reeds voortsleep met pogings tot onderhandelings om 'n wapenstilstand, is verlede week deur die Britse generaal Robertson as ernstig beskryf. Die oorlog daar begin reeds wat intensiteit betref, die afmetings aan te neem van die eerste wêreldoorlog, het hy gesê. Die kommuniste beskik oor beter wapens as 'n jaar gelede en alles dui daarop dat hulle in dié opsig nog steeds sal vorder.

Op papier was die oorlog in Korea maar net 'n strafekspedisie, maar in praktyk was dit reeds van sy begin af iets baie ernstiger en dit was juis oor die vraag of die oorlog na sy wese behandel moes word of na sy formele beskrywing dat die botsing tussen president Truman en generaal MacArthur gegaan het. 'n Oorlog wat uit die staanspoor meer as 2,000 ongevalle per week aan V.V.O.-kant gelewer het, en volgens die jongste berekenings reeds meer as 4,000 per week — dit wil sê 200,000 per jaar — is werklik 'n volbloed-oorlog en die vraag behoort die politici reeds te kwel of dit langer as iets anders beskou en behandel kan word — ook ons Suid-Afrikaanse politici wat van ons landseuns daarheen stuur.

Toe MacArthur 'n jaar gelede sy troepe na die grense van Mantsjoerye laat opruk het vir beëindiging van die stryd was dit inderdaad die afsluiting van die **Koreaanse** oorlog. Met die toetrede van Sjinese troepe kort daarna, het 'n nuwe oorlog begin wat alleen beëindig kon word deur nuwe maatreëls. MacArthur het besliste beskouings gehad omtrent watter maatreëls getref moes word. Sjina moes as oorlogvoerende behandel en sy basisse onder bomme gesteek word. Diegene wat oogluikend toegelaat het dat nasionale Sjina oorrompel word deur die kommunistiese leërs van Mao Tsetoeng, was egter nie gewillig om die oorlog ook formeel teen Sjina te voer nie. Daar is gehoop op 'n skikking en daar word blykbaar nog daarop gehoop.

**BAIE SLEGTER**

Om te beweer dat die V.V.O. se magte intussen swakker geword het, sal miskien nie juis wees nie. Maar genl. Robertson beweer dat die kommuniste sterker geword het. Wat gaan die uitwerking hiervan wees indien die laaste hoop van Truman en Kie. — wapenstilstand — nie verwesenlik word nie? Die Westerse volke het reeds soveel belangstelling in die Koreaanse oorlog verloor dat dit deur sommige al as 'n „vergete oorlog" beskryf word. Sal hierdie agteruitgang in moraal ooit weer gekeer kan word? Gaan die Westerse volke nog lank bereid bly om swaar belastings en hoë offers van menselewens te betaal vir 'n „strafekspedisie" wat so teen die bestraffer gedraai het dat die stryd 'n eindelose proses van verowering, verlies en herowering van heuwels geword het, soos die Amerikaanse onderminister van verdediging dit beskryf? Of sal hulle maar uiteindelik moet doen wat MacArthur 'n jaar gelede al wou gedoen het? Maar toe MacArthur die volle konsekwensies van die oorlog wou aanvaar, was die toestand baie gunstiger as nou. Die vyand was nie so goed toegerus nie en die rooi Sjinese bewind was nog nie so deeglik meester van Sjina nie. Dit sal verder moeilik gaan om die Westerse volke sielkundig weer so gereed te kry as wat hulle was toe Sjina op verraderlike wyse twaalf maande gelede ingemeng het.

Die vraag wat Truman vandag moet kwel is: Was MacArthur reg? En sal ek tog na twaalf maande in ongunstiger omstandighede moet doen wat hy aanbeveel het? Vir 'n politikus van Truman se formaat sal dit moeilik gaan om so 'n erkenning te doen.

# Tien Jaar Oud

Met hierdie uitgawe vier ons blad vandag sy tiende verjaardag, en ons voel trots om te kan sê dat ondanks kolossale wêreldveranderinge wat intussen plaasgevind het, ons nog soseer by ons oorspronklike doelstellings staan, dat ons die toekoms verder kan ingaan met 'n aanhaling uit die eerste hoofartikel wat in ons blad tien jaar gelede verskyn het. Daarin is ons standpunt as volg saamgevat:

„Daarom sal Die O.B. ook positief optree met voorligting op alle gebiede van ons volkslewe in die gees van ons Christelik-nasionale lewensbeskouing, en bou aan die nuwe met die goeie boustene van die verlede. Sy beleid sal volksverenigend wees op 'n suiwer **Afrikaanse grondslag** om also ons volk te help lei tot sy roepingsvervulling tot eer van God, wat alleen bereik kan word wanneer ons volk ten volle vry sal wees van alle vreemde bande, **sowel van buite as van binne."**

Metodes van optrede verander na gelang van omstandighede, maar ideale en beginsels kan nooit verander nie, en omdat Die O.B. mondstuk is van daardie deel van ons volk wat Suid-Afrika weer „inheems" wil maak, kan hy vir die toekoms ook maar net herbeklemtoon wat hy tien jaar gelede as beleid aangekondig het: Ons wil help om Suid-Afrika van buite vry te maak, en van binne te hervorm **sodat hy sy rol kan vul in die wêreld as 'n selfstandige persoonlikheid.**

In hierdie gees gaan ons verder.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Ons Het Baie Bondgenote*

Ek het weer 'n onderhoudende brief ontvang van ons bekende vriend „**Staatsamptenaar**" van Pietersburg, wat voorheen al verskeie kere saamgesels het. Hy sê:

„Andermaal wil ek graag 'n paar gedagtes wissel.

„Net om aan te toon hoeveel potensiële bondgenote ons reeds het vir die front teen die partystelsel heg ek hierby 'n brief aan van 'n Engelssprekende wat in die plaaslike koerant verskyn het en wat vir homself spreek."

Terwille van my lesers verduidelik ek net kortliks dat die briefskrywer beswaar maak omdat die partypolitiek in die plaaslike munisipale verkiesings gesleep is. „Ons weet almal dat munisipale sake nie-politiek van aard is, maar tog het 'n politieke koors, wat herinner aan 'n parlementêre verkiesing, die dorp beetgepak (tydens dié munisipale verkiesings)," kla hy.

My leser skryf voorts:

„Ook mnr. R. M. Martin, voorsitter van die handelsbeurs is, volgens 'n berig in **Die O.B.** nog 'n bondgenoot. Gedurende die afgelope aantal jare was ek gereeld in kontak met veral Engelssprekendes en het onder die denkende seksie 'n verrassende persentasie van bondgenote teen die partystelsel gevind! Daar is oor die algemeen 'n ontstellende (ontstellend vir die beroepspolitici!) persentasie persone van albei taalgroepe wat sat is van partyamokmakery omdat hulle die ernstigste landsvraagstuk juis uitkies vir hulle baljaarveld — boonop nog hulle salarisse na willekeur verhoog en hulleself dan vry stel van belasting!

### *Stig Die Anti-partyfront Nou*

„Maar hierdie bondgenote is ongemobiliseer en wie gaan die inisiatief neem om hierdie kragte te mobiliseer tot 'n magtige eenheid? Die Grootraad het reeds die weg aangedui. Myns insiens moet 'n aktiewe anti-partyfront gestig word. Die Konstitusie moet inklusief wees sodat almal wat dit eens is oor groot landsvraagstukke lede kan word. Daarna kan ons begin met 'n sistematiese 'stalskoonmaak.' Ons suiwer weer ons Skoolrade, Skietkommando's, dorpsrade van partypolitiek. Die laaste vesting is die parlement wat vervang sal word deur 'n Volksraad, of te wel, 'n partylose staat.

„Ons sal natuurlik onmiddellik te kampe hê met die verdagmakery en gekonsentreerde venyn van die ganse dagbladpers wat dan ook die vernaamste wapen is van die beroepspolitici en wat ons beslis nie moet onderskat nie, maar ons sal hulle darem nie te erg kwalik neem daaroor nie want dis natuurlik **hulle** ondergang wat daarmee gemoeid is!"

Die partypolitiek is soos onkruid. As jy hom nie uitroei nie neem hy die hele tuin in.

Dit is die proses wat vandag in ons land aan die gang is. Die partypolitiek is besig om in alle liggame, op alle terreine van ons volk se lewe, in te kruip en sy vernietigingswerk daar voort te sit. En die reaksie hierteen begin intree in ons land.

My leser is heeltemal reg. Daar is baie meer mense in Suid-Afrika wat sat is vir die partypolitiek as wat daar mense is wat hierdie uitheemse onkruid liefhet. En daarom is die potensiële ondersteuners van die front teen die partystelsel, wat die leiers van die O.B. in opdrag van die Grootraad moet oprig, talryker as die teenstanders daarvan. Dit is 'n baie belangrike feit en ek vra my lesers om die betekenis daarvan te bepeins.

Dit is vanselfsprekend dat die anti-partypolitieke front organisatoriese gestalte moet kry; dat 'n program van beginsels en 'n grondwet vir hom opgestel moet word; dat sy strydterrein aangewys moet word; en dat potensiële ondersteuners van die front gevra moet word om in te skryf as lede daarvan. My lesers moet egter duidelik verstaan dat die front op tweeledige wyse saamgestel sal word. Eerstens sal organisasies, soos bv. die Ossewabrandwag, daarby aansluit; en tweedens sal persone, wat nie aan een van die samestellende organisasies behoort nie, ook by die front aansluit.

### *Struikelblok Vir Blanke Samewerking*

Die wenslikheid om die partypolitiek uit te skakel het alreeds 'n dringende noodsaaklikheid geword.

Wit Suid-Afrika kan nie bekostig dat die stryd tussen Boer en Brit, tussen Afrikaans- en Engelssprekende, voortgesit word nie. Die twee elemente moet mekaar vind, en moet saamgroei tot één volk met één trou, nl. 'n wit en 'n selfstandige Suid-Afrika. Solank die partystelsel egter die Afrikaans- en Engelssprekendes in twee vyandiggesinde politieke partye verdeel sal die ideaal van rassesamewerking nooit verwesenlik word nie. Want aangesien die twee elemente mekaar bly beveg as regering en opposisie (en dan weer as opposisie en regering) sal hulle nooit tot één volk saamgroei nie, en sal hulle vanselfsprekend ook nooit één trou kan ontwikkel nie.

Hoe kan hulle? Die een party voed sy mense met Afrikaanse sentiment en die ander een met Britse sentiment. Daardeur word in der waarheid twee volke met twee lojaliteite in stand gehou. Die partystelsel is die struikelblok wat in die pad na rasseharmonie en enkelvoudige lojaliteit lê. Diegene wat vir hierdie doelstellings is moet uit die aard van die saak teen die partystelsel wees. Ek wil dit voorts baie uitdruklik stel dat solank die partystelsel in Suid-Afrika voortbestaan sal daar nooit 'n republiek uitgeroep kan word „op die basis van die breë volkswil" nie, of selfs op die „breë basis van die volkswil" nie. Daarvoor sal die opposisie altyd sorg.

### *Vraagstukke Bly Onopgelos*

Die tweede rede waarom die partystelsel afgeskaf moet word is omdat dit nie langer geduld kan word dat dringende vraagstukke onopgelos bly nie. Ek weet nie of daar nog vreemdelinge in Jerusalem is wat glo dat politieke partye vraagstukke oplos nie. Ek dink dat almal teen hierdie tyd weet dat politieke partye met vraagstukke boer net soos karoo-boere met skape. En vraagstukke besorg vir politieke partye stemme en setels net soos skape vir karooboere lammers en wol besorg.

As voorbeeld noem ek die lewenskostevraagstuk. In 1948 het hierdie vraagstuk aan die Nasionale Party duisende stemme en dosyne setels besorg. Die Verenigde Party verwag dat dieselfde vraagstuk vir hom in 1953 ook duisende stemme en dosyne setels sal besorg. Maar wat van die volk? Vóór 1948 het Jan Kieser en sy vrou die las van hoë lewenskoste moes dra; ná 1948 moet hulle dit nog altyd dra; en ná 1953 sal hulle dit ook nog moet dra.

Volgens dr. D. F. Malan het die kleurvraagstuk in 1929 vir die Nasionale Party die verkiesingsoorwinning besorg omdat die party dit „na vore gestoot het." Ten spyte van die verkiesingsoorwinning is die vraagstuk klaarblyklik nie opgelos nie, want in 1948 — presies 19 jaar later — het die Nasionale Party weer 'n verkiesingsoorwinning behaal deur dieselfde vraagstuk weer 'n keer „na vore te stoot." Moontlik sal daar in die toekoms nog verkiesings met behulp van hierdie vraagstuk gewen kan word. Maar die vraagstuk word nie opgelos nie; dit vererger steeds.

### *Politieke Partye se Onmag*

Net soos dit bekend is waarom politieke partye sommige vraagstukke nie wil oplos nie, is dit ook bekend waarom politieke partye geheelenal onbevoeg is om vraagstukke op te los. Die rede is eenvoudig: Politieke partye veg teen mekaar, nie teen vraagstukke nie.

Daar is liewe goeie mense wat verbaas is omdat die vorige regering en die huidige regering nie die lewensbelangrike vraagstukke van grond- en waterbewaring doeltreffend aangepak en opgelos het nie. Maar waarom sal 'n partyregering die vaderland se bodem vir die nageslag red? Die nageslag kan mos nie vir die party stem nie.

Geen regerende party sal kosbare bewindstyd, geld en sy ministers se energie „vermors" op die vaderland se bodem nie. Die tyd, geld en energie sal liewer spandeer word op onbenullige sakies wat diwidende — in die vorm van stemme — vir die party sal afwerp; en om die teenparty te beveg.

Hierdie politiseerdery stapel die probleme op, wat die volk teister, om die moderne toring van Babel te vorm. En as die verwarring intree? Dan niks. Dan „val" die regering maar net en 'n ander politieke party buit weer die landsbewind.

Diegene wat teen futiele regering is moet vanselfsprekend alles in hulle vermoë doen om die partystelsel uit te roei.

### *Partypolitiek Kruip Oral In*

In die jongste tye is die partypolitiek besig om met merkbare sukses voort te rank tot in elke plaaslike en funksionele liggaam. Dit is noodlottig. En as die partystelsel nie uitgeroei word nie gaan hy die laaste reste van gemeenskapslewe, selfs in die kleinste dorpies, heeltemal uitwis.

Die partypolitiek het oral ingekruip. Ons weet hy is in die senaat, die volksraad en die provinsiale rade. Trouens, dit is eintlik sy broeineste.

Maar nou het hy al sy verskyning gemaak in die afdelingsrade, munisipaliteite, skoolrade, skietkommando's, feeskomitees en op sommige plekke dreig hy reeds om in kerkrade in te kruip. My lesers moet tog verstaan dat ek nie beweer dat al die lede van al die liggame wat ek genoem het deur partypolitieke stemmery verkies word nie. Ek beweer slegs dat daar baie afdelingsrade, munisipaliteite, ens., in ons land is wie se lede deur partypolitiek verkiesings daargestel word.

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# RUSSIESE WAARHEID EN RUSSIESE PROPAGANDA

**Die geslepe skaakspeler in die Kremlin het in die laaste jare ongewone suksesse behaal. Maar ofskoon hy vandag nog ernstiger speel, word hy in elke spel mat gesit. Sy teenstander het hom ingehaal. Die rooi Tsaar word daardeur senuweeagtig en weet nie meer reg watter skuif om te doen nie. Terwyl die politici en militêre leiers van die Atlantiese Verbond in Ottawa op 12 September die herbewapening van Duitsland en die militêre posisie in Europa in die algemeen bespreek het, het Stalin op 13 September veertig tot sestig Russiese veldmaarskalke en generaals in die Kremlin laat bymekaar roep om teenmaatreëls teen die besluit in Ottawa te tref. Die Russiese agenda het net twee paragrawe bevat:**

**(1) Aanvalsplan.**

**(2) Verdedigingsplan.**

**Albei planne sal gelyktydig in werking gebring word om vir alles gereed te wees.**

Gelyktydig het die polietburo vergader om nuwe stappe in die politiek van Duitsland te doen sowel as in die wêreldpolitiek. Die geheime wêreldregering is van plan om Rusland te beskerm en het daarom Frankryk in die voorgrond geskuiwe. Die doel is om die herbewapening van Duitsland te verhinder omdat gevrees word dat as Duitsland eers bewapen is dit vir die Morgenthau-jongens nie meer so maklik sal wees om Duitsland te onderdruk nie.

**Frankryk sal net soos Rusland teen die Duitse herbewapening protesteer en deur die Engelse regering daarin ondersteun word. Amerika is al deur die Baruch-groep half gewillig om Duitsland te laat val. Daardeur sal Rusland tyd wen om net so sterk te word soos Amerika.**

### VREDESOFFENSIEF

Rusland het eerste die vredesaanbod in die wêreld gegooi. Engeland en Amerika volg nou en 'n tydperk van skyn-vrede sal moontlik aanbreek.

**Waarom wil Baruch Rusland red?** Die redes kan as volg saamgevat word:

**(1) Duitsland moet slawe bly vir almal.**

**(2) Amerika het 5 maal meer staal as Rusland, 10 maal meer werktuigmasjiene en 15 maal meer olie as Rusland.**

**(3) Daardeur is Amerika se oorwinning in 'n lang oorlog verseker.**

**(4) Rusland kan deur 'n blitsoorlog Europa wel plat loop, maar nie die Atlantiese Verbond baasraak nie.**

'n Rukkie gelede het Engelse en Amerikaanse koerante die nuus versprei dat maarskalk

## Deur Ski

Tsjoekof die „rooi Eisenhower" is. Dit is nie heeltemal korrek nie. **Die rooi Eisenhower is maarskalk Koniëf.**

### INDELING

Maarskalk Tsjoekof is net die opperbevelhebber van die eerste Russiese leërgroep wat in Rusland en Pole staan. Sy stafhoof is maarskalk Rokosowski. Die hoofkwartier van Tsjoekof is in Tablonna wat etlike myle van Warshau lê. Tsjoekof en sy staf bewoon die paleis van die Poolse prins Potocki.

In die begin was Stalin van plan om die opperbevel van die eerste leërgroep aan Rokosowski te gee maar Rokosowski is te lief vir die Duitse meisies en dit kon vir 'n Russiese generaal te gevaarlik word. Maarskalk Beria, die leier van die N.K.V.D. (geheime staatspolisie) het dan ook aan Stalin 'n register van Rokosowski voorgelê. Uit die register het Stalin bemerk dat Rokosowski as 'n generaal, weens sameswering teen die Kommunistiese Party, gearresteer was en 'n jaar lank in 'n Siberiese konsentrasiekamp gesit het. Na die ontslag uit die kamp het Rokosowski vir die derde keer by die leër aangesluit. In die oorlog het hy 'n nasionale held en veldmaarskalk geword. Rokosowski is in Pole gebore en het sy militêre loopbaan by die lyfwag van die vermoorde Russiese Tsaar Alexander begin.

### NUWE STER

Die tweede Russiese leërgroep omvat die leërs van die satellietstate en die Russiese troepe wat in die satellietstate gestasioneer is. Die opperbevelhebber van die tweede leërgroep is maarskalk Koniëf, die rooi Eisenhower. Sy hoofkwartier is in 'n ou paleis naby Karlsbad in Tsjeggo-Slowakye. Die paleis wat uit die Oostenrykse Keiser-tydperk stam is in 'n omtrek van 10 myl hermeties van die buitewêreld afgesluit.

**Maarskalk Koniëf is 'n nuwe ster in die Russiese leër. Hy het 'n nuwe strategie ontwikkel wat hy „Stoomhamer-strategie" noem. Op die geheime vergadering van die Russiese generaals in die Kremlin is sy strategie as die verdedigingsplan „laaste kans" aangeneem.**

Die naam „laaste kans" is deur maarskalk Bucharin, die militêre raadgewer van Stalin, gegee. Hy is die opvolger van die oorlede maarskalk Schaposehuikow.

### AANVALSPLAN

**Stalin en Bucharin hou niks van verdediging nie. Hulle is vir die aanval. Die aanvalstrategie is deur maarskalk Wasillijewski, die Pantserdeskundige, ontwikkel.**

Die Pantserstrategie beoog dat die eerste leërgroep, Tsjoekof, deur Noord-Duitsland tot aan die Hollandse en Belgiese kus voortstoot; die tweede leërgroep, Koniëf, deur Suid-Duitsland tot die Franse kus en die Pireneë, en gelyktydig deur Joego-Slawië na Italië en deur Griekeland tot aan die Aegiese See.

Die derde leërgroep staan in die Kaukasus en het die taak om deur Turkye aan die Suezkanaal en na Persië deur te stoot.

**Vir die aanval in Europa het Rusland 'n leër van 100 divisies wat gereed staan; daarvan is 60 Pantserdivisies. Die totale troepemag wat op 'n bevel in beweging gebring kan word, is 2 miljoen soldate.**

Rusland het verder 15,000 vliegtuie wat vir die aanval gereed staan en 10,000 vliegtuie in reserwe. Vir die duikbootoorlog het Rusland 300 duikbote wat in aksie kan gaan en 200 reserwes en half-klaar geboude bote.

### TEENSTELLING

**Die Westerse magte onder die opperbevel van Eisenhower is „van plan" om in die jaar 1952, 37 divisies gereed te hê.**

Rusland se beplande aanval teen Indië is heeltemal geskrap. Sedert maande is Russiese afgevaardigdes in Indië waar hulle in onderhandeling met Nehru se party verkeer. Twee regeringslede het ook aan die onderhandelings deelgeneem.

**Die feit is dat Indië gewillig is om met die Sjinese en Russiese kommuniste saam te veg. Indië sal dan as die rooi kasteel Dehli op die skaakbord staan.**

Die Russiese polietburo weet dat hulle deur die vredesvoorwaardes 'n nuwe stukrag vir die revolusionêre einddoel sal bereik. En hulle weet ook watter betekenis die geestelike krag in die mens en in die volksgroepe het. Op hierdie kennis berus die baie suksesse wat hulle in al die jare na die oorlog behaal het.

### PROPAGANDA

Op die oomblik is nie alleen die vyfde kolonne besig nie, maar Stalin het ook sy vriend, Baruch, die leier van die geheime kapitalistiese wêreldregering, gevra om in aksie te gaan. **So is sedert maande deur die familie Roosevelt in Amerika 'n reusagtige propaganda vir Stalin op tou gesit.** Hierdie propaganda stel Stalin voor as die goeie Samaritaan van sy satellietstate, en 'n man wat geen oorlog begeer nie.

Die propaganda word nie alleen in Amerika nie, maar in elke land in die hele wêreld gemaak. Die leser sal sekerlik nog onthou dat F. Roosevelt jnr. in ons land was. Sy verskyning in Suid-Afrika het nie soseer in verband gestaan met die 60 miljoen-lening nie, maar meer met die politiek. Toe hy gevra is of hy die rasseprobleem wou bespreek het hy geantwoord: **„Ja ek sal dit bespreek, maar nie met julle nie."** Een minuut later verraai hy homself. **Hy praat oor die beginsel van behoud en ontwikkeling van die vryheid wat deur sy pa en**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**Churchill geskep is.** Toe was die kat uit die sak!

Roosevelt jnr. het nie alleen oor rassevraagstukke en oor vryheid en kommunisme met sy ingewyde vriende gesels nie, maar hy het ook riglyne aan die volgelinge van B. Baruch gebring.

**Sy aanbevelings was: Die kommunisme is geen gevaar nie, maar elke nasionale regering is.**

En die fakkels brand!

# SYBRAND

(Vervolg van bladsy 2)

Hieraan moet beslis 'n end gemaak word. Dit is die dun end van die wig. As die partypolitiek so voortrank sal elke dorpsbestuur, skoolkomitee en kerkraad in die land later uit een of ander partykantoor beheer word. Dan sal die partye se wisseldiktatuur volkome wees. Op elke terrein van ons volk se lewe, en in elke liggaam, sal die boeties van die partye mekaar afwissel as baas en klaas, regering en opposisie.

Die volk durf nie toelaat dat dit gebeur nie. Daarom voel ek saam met my leser:

Die anti-partypolitieke front moet gestalte kry.

Die front moet dadelik aan die werk spring om stal skoon te maak, d.w.s. hy moet die partypolitiek begin uitroei in die plaaslike en funksionele liggame. Daarna moet hy die broeineste pak. Hy moet die parlement en die provinsiale rade bevry van die partye se diktatuur.

### *Grootraad se Opdrag*

Dit is 'n groot taak wat aangepak moet word; dit is 'n omvattende suiwering wat bewerkstellig moet word.

Maar dit is nodig dat dit gedoen word. Nie alleen besef die lede van die Ossewabrandwag die noodsaaklikheid daarvan nie, maar lede van ander organisasies sowel as duisende manne en vroue wat aan glad geen organisasie behoort nie, besef dit ook.

Daarom het die Grootraad van die O.B. aan sy lesers opgedra om 'n front te skep — van enersdenkende organisasies en persone — wat die afskaffing van die partystelsel sal bewerk. Dit beteken dat die O.B. drie dinge moet doen: Eerstens, moet hy natuurlik self die afskaffing van die partystelsel bepleit; en tweedens, moet hy voortdurend sy bereidwilligheid beklemtoon om saam te werk, met ander persone en organisasies, in 'n front wat sal ywer vir die noodsaaklike hervorming van die staatstelsel; en derdens, moet sy leiers die inisiatief neem om sodanige front in die lewe te roep.

Dit is die werk wat voorlê.

Nou stel my leser voor dat die front onmiddellik gestig word; sy doel en aksie omskryf word; en iede daarvoor gewerf word.

Dit is die opdrag van die Grootraad.

# GAAN PARTYPOLITIEK VERVANG, SÊ PERON

**President Peron wat in die jongste verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid van stemme tot president van Argentinië herkies is, het verklaar dat hy sy land in 'n sindikalistiese staat gaan omskep, waarin daar geen partypolitiek sal bestaan nie. Hy het gesê:**

„Ons is op pad na die sindikalistiese staat — die eeu-oue droom van die mensdom. Elkeen sal dan verteenwoordig word in die wetgewende vergaderings en in die regering deur lede van sy beroep. Arbeid is die enigste teenvoeter vir die kapitalisme en die imperialisme."

## Afrikaans in Belgies-Kongo

**Na aanleiding van die berig dat die Vlaamse blad „De Week", wat in Belgies-Kongo uitgegee word, ook Afrikaanse artikels afdruk, skryf Die Vaderland:**

„Afrikaans het nie meer nodig om te pleit vir eie bestaansreg nie. Die gebruik daarvan het in die laaste paar jaar so toegeneem dat almal in Suid-Afrika wat dit nog nie ken nie, weldra soos 'n vreemdeling in Jerusalem sal voel.

„Dit is eintlik maar natuurlik dat Afrikaans sy trek na die noorde begin het. In Rhodesië is daar baie Afrikaners, en alhoewel ons verneem van die ou soort remskoen-jingo wat venynig te kere gaan as hy, die eentalige, hierdie taal in die openbaar moet aanhoor, sal 'n dergelike houding op die lange duur nie die minste uitwerking op die uitbreiding van ons jong, lewenskragtige taal hê nie. Wat soms egter uit die oog verloor word, is dat Afrikaans 'n natuurlike aansluitingsplek elders in Afrika het, en dit is in Belgies-Kongo. Daar immers het ons baie stamverwante, die Vlaminge, wat nie die minste moeilikheid het om ons taal te verstaan en te waardeer nie."

---

**Die hoë lewenskoste het 'n vroue-vereniging in Amerika op die gedagte gebring om 'n inrigting tot stand te bring waar klere wat te klein word vir kinders omgeruil kan word.**

---

**Die stadsraad van Jerusalem** het so pas 'n reeks strate hernoem op aanbeveling van 'n kommissie wat daarvoor aangestel was. Een van die strate heet nou Jan Smutsstraat.




**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B.”** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**GRYSHARE**

**GRYSHARE**, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR**, kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**MEDISYNE**

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat** vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow**, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.......................*

*...............................vir die eerste.........................maande.*

*NAAM*...............................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*.......................................................

.........................................................

.........................................................

.........................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

*Ander Se Menings*

# ANTI-OORLOGSTEM VAN 1939 KLINK OP UIT ONVERWAGTE OORD

**Die stem van die anti-oorlogse opposisie van twaalf jaar gelede is verneem in 'n hoofartikel van die Cape Times van 12 November waarin die blad bedenkings opper teen die deelname van Suid-Afrika aan 'n oorlog buitekant sy grense sonder behoorlike raadpleging in die parlement. Hy verwys as voorbeeld na die onsydigheidsbeleid van Indië as gevolg waarvan genoemde land „die vryheid voorbehou om sy eie toekoms te bepaal.” Die Cape Times skryf woordeliks as volg:**

„Daar is aangekondig dat die Unie-regering 'n aandeel gehad het in die voorbereiding van die beginselverklaring wat gesamentlik deur Brittanje, Frankryk, die Verenigde State en Turkye uitgereik is, en dat die verklaring die regering se volle goedkeuring en ondersteuning geniet.

„Die Engelse lesing van hierdie verklaring is in sulke eienaardige en ongrammatikale terme geklee dat aangeneem moet word dat dit met die oorsending verknoei is. Die Afrikaanse lesing is egter baie duidelik, **net soos die feit dat die Unie van Suid-Afrika vir die eerste maal in die geskiedenis gebonde is om vir geval van oorlog ten volle deel te neem aan 'n bepaalde front ver buite sy grense.**

**UITERS ERNSTIG**

**„Dit is 'n uiters ernstige beslissing wat gevolge inhou wat elke Suid-Afrikaner noukeurig moet bestudeer.** Dit is nie een van daardie gewone dingetjies wat partykongresse na kortstondige bespreking besluit om maar aan die regering oor te laat nie. Inteendeel, dit is 'n saak wat lewe of dood mag beteken vir duisende jong Suid-Afrikaners, en waarin die hele toekoms van die land opgesluit lê.

„In die huidige wêreldomstandighede is dit vir meeste lande noodsaaklik om te besluit watter houding hulle gaan inneem vir geval van oorlog tussen die Westerse moondhede en Rusland. Twee weë was vir Suid-Afrika oop: **Een was om onsydig of nie-oorlogvoerend te bly, terwyl hy die Westerse moondhede toelaat om gebruik te maak van sy hawens en om 'n verskeidenheid nywerhede op te bou waaruit hulle kon put as voorradebronne.** Die ander was om 'n daadwerklike militêre bondgenoot te word wat onderneem om manne, tenks en vliegtuie na 'n bepaalde front te stuur.

**PARTYPOLITIEKE OPTREDE**

„Die regering het die verantwoordelikheid op hom geneem om ten gunste van die tweede weg te besluit. Dit het hy nie gedoen deur middel van 'n ooreenkoms met die opposisie nie, nog minder het hulle probeer om 'n nie-partypolitieke buitelandse beleid te ontwikkel, maar het verkies om die volle verantwoordelikheid self te aanvaar.

**„Indië, kan ons op wys, het geweier om enige sodanige verpligting te aanvaar. Sy standpunt is dat indien hy hom van enige aktiewe deelname in 'n moontlike botsing weerhou, hy in die posisie sal wees om sy eie toekoms te bepaal, terwyl indien hy deelneem, sy toekoms deur die uitslag van die oorlog bepaal sal word. Suid-Afrika daarenteen het sy toekoms verbind aan sy geloof aan 'n oorwinning.**

**KAN ONS?**

„Aangesien die regering hierdie verbintenis op hom geneem het, mag die vraag ontstaan of ons in staat is om dit uit te voer. Die praatjies van die lewering van 'n pantserdivisie tesame met 'n hoeveelheid artillerie en vliegtuie beteken skynbaar dat 100,000 manne gestuur moet word. Of dit kan gebeur is 'n saak waaroor mnr. Erasmus se menings dadelik verneem moet word. Dit is 'n paar van die werklikhede van die regering se besluit waaroor Suid-Afrikaners ernstig sal moet nadink. **Of die besluit reg of verkeerd is, dit is een van die hoogste belang, en dit sou dwaas wees om dit nie as sodanig te erken nie.”**

## Speurders en Politiek

Adv. Strauss, leier van die opposisie, en sy pers skop groot stof op omdat speurders die Fakkelkommando se verrigtinge dophou.

Wat van die tyd toe mnr. Strauss se party aan bewind was en die speurders op elke O.B.-vergadering gesit en aantekeninge maak het?

# ENGELSSPREKENDES SE PROBLEEM

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

In 'n vorige uitgawe van Die O.B. het ons gelees van die erkenning van dr. D. F. Malan dat die partypolitiek die oorsaak is van rassehaat tussen die twee blanke groepe in ons land. Dit herinner my aan 'n gebeurtenis enige jare gelede en ek wil dit graag hier vertel:

My man en ek het 'n klein plattelandse dorpie besoek en met ons terugreis moes ons vind dat die trein stampvol was en daar ons nie te danig ver sou reis nie, was ons plekke nie bespreek nie. Gevolglik kon ons dus geen sitplek op die trein kry nie en sou ons moes staan tot op ons bestemming.

Voor die trein egter vertrek, gaan 'n kompartement se deur oop en word ons deur 'n Engelssprekende in gebroke Afrikaans vriendelik genooi om saam met hom in sy kompartement te reis daar hulle net 2 daarin is. Ek kom te lande langs 'n opgeskote knaap van sowat 16 of 17 jaar wat stil by die venster sit en uitkyk. Die Engelsman het belangeloos agteroor geleun en sy hoed op sy gesig geplaas en sy asemhaling het gou getoon dat hy ingesluimer het.

Die seun het 'n gesprek met my aangeknoop en ek het besef dat hy nogal deeglik op hoogte van sake is met wat in ons land aangaan. Vol geesdrif het hy gesels oor die vakke waarin hy op skool belangstel en natuurlik word sy naskoolse loopbaan toe bespreek. Skielik het hy opgewonde geraak en heftig uitgevaar teen die baie voorregte wat die Engelssprekende kind in ons land geniet. Hy vertel ons van gevalle van vriende van hom wat reeds die skool verlaat het en nie tweetalig was nie, wat in die staatsdiens moes plek maak vir Engelssprekendes wat self nie tweetalig was nie **maar** omdat hulle Engels ken voorkeur geniet het. Die klein heethoof het nie geaarsel om sy gevoelens in taamlike sterk taal te lug nie.

My man en ek het gevoel dat ons liewer op taktvolle manier 'n ander wending aan die gesprek moet gee maar hier het die man oorkant ons skielik sy hoed van sy gesig geneem en regop gaan sit en my aangespreek. „Weet u mevrou, dat ek persoonlik daardie seun gelyk gee; wat hy daar vertel is die waarheid, **dit weet ek.”** Ek kon nie help om hom te vra: „Maar, Meneer, waarom kan die Engelsman in ons land dan nie die taal aanleer nie, wil hulle nie of is hulle te dom?” Sy antwoord was: „Nee, maar hulle het nog nooit nodig gehad om dit te doen nie. Die stelsel van hierdie land eis dit nie van hulle soos hulle die Engelse taal van die Afrikaner eis nie, ek bv. is in Kaapstad gebore, is daar opgevoed en het 'n skoolloopbaan deurloop en vandag beklee ek 'n verantwoordelike posisie in Durban met 'n groot salaris, sonder dat ek nog ooit Afrikaans nodig gekry het want waar ek instap en nie in my eie taal bedien kan word nie, hoef ek maar net te kla en alles is gou in orde tot my eie gerief. Maar kan u my glo dat ek persoonlik voel dat ek geen belange het in die land van my afkoms nie? My vader was 'n soldaat wat gedurende die Boere-oorlog hierheen gekom het om te veg teen die Boere. Hy moes dit doen, hy was in diens van Brittanje. Ek veg nie vandag teen die Boere nie; ek het ook belange hier en daarom is ek verplig tot **samewerking.** As my belange in Engeland is, is my **teenwoordigheid** daar nodig. Ek beskou dus die „voorkeur” wat die Engelssprekende in Suid-Afrika geniet meer as 'n struikelblok want ek stel belang in die Ossewabrandwag omdat dit 'n volkseie organisasie is in belang van Suid-Afrika. Dikwels het ek al Die O.B. in hande gekry, dit probeer lees maar voor ek by die tweede reël van 'n sin kom het ek die begin alweer vergeet, my Afrikaans is te beperk om dit te verstaan. Ek sou graag sien dat daar meer propageer word vir hierdie organisasie sodat selfs die Engelsprekende ook ingelig kan word.”

Hierdie spreek boekdele waarom selfs die eerste minister ook al begin voel dat partypolitiek tweedrag veroorsaak.

# WAAROM ONS BY HERVORMING VAN STAATSTELSEL BEGIN

## *Pertinente Vrae deur Leser gestel*

**Van mnr. H. P. Grobbelaar, Swartbooiskloof, Williston, het ons 'n brief ontvang waarin hy as republikein sekere vrae aan Die O.B. stel in die vertroue dat ons dit volledig sal beantwoord, „sodat ek inligting kan verskaf aan lesers wat twyfel in verband met u standpunt."**

**Ons voldoen met genoeë aan die versoek en sal die vrae een na die ander na die beste van ons vermoë beantwoord, onderhewig aan die beperking van ruimte. Die eerste vraag lui: „Wat beoog u met 'n partylose staat voor Suid-Afrika sy vrye onafhanklike republiek het, buitekant konstitusionele en demokratiese stemreg, of sonder 'n volkstemming te hou."**

Die eerste deel van die vraag is reeds beantwoord in ons uitgawe van 7 November, wat ons leser eers bereik het nadat sy brief geskryf was. Ons wei dus nie weer daaroor uit nie, maar wat die tweede helfte van die vraag betref, kan ons meedeel dat die O.B. se beleid veronderstel die mobilisering van 'n meerderheid van die volk om die nodige hervormings langs konstitusionele weg te weeg te bring. Soos in ons uitgawe van 7 November uiteengesit, beoog die O.B. se strewe twee dinge: (1) **verbreking van die Britse konneksie na buite en (2) staatshervorming na binne.** In die verlede is net op eersgenoemde gekonsentreer, en is daar dus begin by die punt waaroor die kleinste gedeelte van die volk saamstem. Nou wil ons — **sonder verwerping van die eerste as eindideaal** — BEGIN **by die tweede punt waaroor die grootste mate van eensgesindheid verkry kan word omdat die oorgrote meerderheid van die volk nie meer kans sien vir die Britse partystelsel nie.** Indien een of ander onvoorsiene faktor die verbreking van die Britse konneksie binne ons bereik bring vóór die ander stap voltooi is, spreek dit vanself dat ons dit sal aangryp.

### GRONDSLAG VAN 1942

Die tweede vraag lui: „Wat is die O.B. se houding ten opsigte van dr. Malan se beleidsverklaring op 16 September 1942 in Pretoria in verband met 'n republiek en die weg waarlangs dit verkry moet word. Onderskryf u dit of nie?"

Ons briefskrywer gaan ver terug indien dit sy bedoeling is om 'n ooreenkoms te vind tussen die O.B. en dr. Malan se doelstellings met die gevolglike implikasie dat die O.B. maar net die party van dr. Malan moet steun ten einde sy ideaal te bereik. Ons weet nie of dit sy bedoeling is nie, maar indien dit so is, moet ons hom dadelik daaraan herinner dat dr. Malan nie meer op hierdie grondslag van 1942 staan nie. By daardie geleentheid het dr. Malan nog die konsep-grondwet van die Eenheidskomitee (die O.B. se 1/41) as grondslag voorgehou. Hy het gesê: **„Ons het 'n eie staatsvorm uitgewerk deur ons eie staatkundige genie . . . Aangepas aan moderne omstandighede vind u dit voorlopig neergelê in die konsep-grondwet wat ons party aanvaar het as 'n basis vir verdere bespreking."** En die volgende dag het hy met verwysing na die omsendbrief van die O.B. waarin hierdie konsep-grondwet as O.B-beleid gepubliseer is, gesê: **„Met die konsep-grondwet het die O.B. diefstal gepleeg."**

**Maar sedertdien het dr. Malan die konsep-grondwet verloën ten gunste van die Britse partystelsel. Op sy kongres verlede jaar op Kimberley het hy ontken dat die party die konsep-grondwet ooit as beleid aanvaar het.**

### NUWE STANDPUNT

Ook ander dele van daardie beleidsverklaring is later deur dr. Malan verloën, o.a. dat die goudmynbedryf genasionaliseer moet word en dat die Britse konneksie verbreek moet word. Sedert 1949 het dr. Malan die ideaal van 'n republiek binne die Britse Statebond aanvaar — **dus handhawing van die Britse konneksie.**

Laat ons nou eers vasstel watter beleid dr. Malan destyds in Pretoria neergelê het. Die vernaamste punt daarin vervat was dat republiekwording beteken verbreking van die Britse konneksie (dit wil sê uittrede uit die Britse Statebond) enersyds, en binnelandse hervormings op staatkundige en ekonomiese gebied andersyds.

In sy eie woorde het dr. Malan dit as volg uitgedruk:

„Om 'n republiek te word moet Suid-Afrika **uitwendig** 'n revolusie ondergaan. Om 'n republiek te hê wat ons **tegelykertyd** 'n eensgesinde en selfstandige volk sal maak, sal Suid-Afrika ook **inwendig** moet kom tot die wedergeboorte van sy siel."

### BRITSE KONNEKSIE

(1) In verband met die Britse konneksie het dr. Malan gesê dat daardie oorlog „die laaste sal wees waarin ons en moontlik ook die ander dominiums ons deur die Britse konneksie sal laat sleep. **Neutraliteit beteken afskeiding en afskeiding beteken vanselfsprekend vir Suid-Afrika die republiek."** Verder het dr. Malan gesê: „Die Britse konneksie kan ons daardie vryheid nie gee nie. Ons het hom beproef . . . (maar) hy het hopeloos gefaal."

Dan het dr. Malan ook nog beklemtoon dat die oorlog ons die republiek kan besorg: „Hierdie oorlog mag — en mag God gee dat dit so sal wees — vir die gesamentlike volke van Europa 'n nuwe orde bring . . . en vir Suid-Afrika mag dit dan beteken 'n nuwe dag omdat daardie volke dan prakties kan uitlewe wat hulle tydens die Anglo-Boere-oorlog nie in staat was om te doen nie." Maar, het dr. Malan hieraan toegevoeg, **„die weg van politieke oortuiging en die stembus is uiteindelik seker, maar dit kan lank wees.** As ons hierdie weg moet bewandel omdat ons geen ander keuse het nie, dan mag en sal ons die moed nie opgee nie."

### HERVORMINGS

(2) **Die republiek beteken ook binnelandse staatshervorming.**

Dr. Malan het gesê:

„Ons het 'n eie staatsvorm uitgewerk deur ons eie staatkundige genie . . . . ons staan vierkant en suiwer op ons eie Suid-Afrikaanse standpunt gegrond op Christelik-nasionale **grondslag en op die beginsel van volksregering na die model van die gewese Suid-Afrikaanse republieke. Aangepas aan ons moderne omstandighede vind u dit voorlopig neergelê in die konsep-grondwet wat ons party aanvaar het as 'n basis vir verdere bespreking.**

**„Ons verwerp daarom die Britse liberalistiese demokrasie soos ons hom hier ken . . . Die republiek beteken 'n diepgaande, byna revolusionêre verandering . . ."**

### EKONOMIESE OMSKEPPING

(3) **Die republiek beteken ook ekonomiese hervormings:**

„Die republiek moet hom grond op 'n nuwe ekonomiese grondslag. **Die kapitalistiese stelsel se dag is in ieder geval verby . . . Daar sal geen buitensporige rykdom vergader kan word nie, maar daar sal ook geen man, vrou of kind onder die broodlyn wees nie."**

Gepaard met die „radikale omskepping van ons ekonomiese lewe", moet gaan volksbeheer oor hulpbronne van nasionale belang — byvoorbeeld om **„ons goudmynbedryf en 'n reeks ander sleutelindustrieë en veral ons kredietverskaffing deur die banke te nasionaliseer en los te ruk uit die hande van individuele kapitaliste en van die geldmag wat sy oorsese base dien."**

### PARTY VERDWYN

(4) **In die vierde plaas het dr. Malan ook die verdwyning van die politieke party voor oë gehad.** Die party mag nie verafgood word nie, het hy gesê, en as volg betoog:

„Die party is maar die georganiseerde Afrikanerdom op staatkundige gebied **vir die bereiking van sy doel.** Die party moet en sal ook dien. **En as die republiek verkry is, dan is sy doel bereik,** en dan sal hy wel nie sterf nie, **maar dan gaan hy op in die groter geheel van die nuwe staat,** die veiligheid waarvan dan toevertrou sal wees, in die eerste jare vanselfsprekend, aan 'n suiwer republikeinse regering met volmag beklee, en daarna, as normale toestande weer sal heers, aan die burgers van die land wat in alle opregtheid aan sy grondbeginsels trou kan sweer en ook bereid is om daardie trou uit te lewe."

### ONDERSKRYF

Bostaande is die belangrikste punte in dr. Malan se toespraak van nege jaar gelede, en as ons briefskrywer nou vra of ons dit onderskryf, kan ons sê, dat behalwe daardie dele wat uit die aard van die saak betrekking gehad het op die destydse oorlogstoestande ons dr. Malan se standpunt van destyds nog in die gheel kan onderskryf. Ons sê óók dat republiekwording van tweërlei aard is — verbreking van die Britse konneksie (uittrede uit die Britse Statebond) en binnelandse hervormings ('n eie staatstelsel in plek van die Britse liberalistiese partystelsel en grondige ekonomiese omskeppings).

Ons beoog óók die oplossing van die politieke party in die groter staatsgeheel deur sy heerskappy van hom af te vat en aan die volk te gee.

### BESWAAR

Maar mnr. Grobbelaar stel nog die verdere vraag — na aanleiding van Sybrand se uitlating dat die partystelsel uitgeroei moet word — of dit moet geskied voor Suid-Afrika 'n republiek is of daarna, en dan waarsku hy dat as dit beteken voor die republiek, dit syns insiens sal beteken dat die fondamente wat reeds gelê is, weer heeltemal afgebreek sal word, „en ons sal weer in 'n broedertwis gedompel wees soos in die verlede." „Hoe swak die partypolitieke stelsel ook al is, tog staan Suid-Afrika vandag vryer as ooit in die verlede, en geen vaderlandsliewende sal verlang om op die pad terug te gaan nie."

Klaarblyklik bedoel ons briefskrywer met „fondamente" die partymasjien wat ons het en dat as dit vernietig word voor die republiek in al sy aspekte daar is, dat ons dan nie meer 'n instrument het om ons ideaal mee te bereik nie — soos dr. Malan die party se taak uiteengesit het.

### KOM NIE VERDER

Hierop wil ons antwoord deur te verwys na wat ons nege jaar gelede juis na aanleiding van dr. Malan se kongres-toespraak in die O.B. geskryf het. Op 23 September 1942 het die O.B. verklaar:

„Hoogtepunte in die vorm van klinkende toesprake en slagkrete op kongresse, soos in 1919, kan bereik word in 'n party se propagering van sy ‚republikeinse plank', **dog die praktyk wag tevergeefs op die verwesenliking daarvan, selfs wanneer daardie party aan bewind kom.** En na 23 jaar van hoogtepunte en laagtepunte tref dit die volk nie eens komies as hy by geleentheid van 'n nuwe hoogtepunt die volgende vryheidsbelofte hoor nie: **‚Ons sal doen wat ons in 1919 (vryheidsdeputasie) gedoen het, maar hierdie keer, na ek glo, met oneindig meer kans op sukses as toe'."**

Hoe reg die O.B. nege jaar gelede was, blyk uit wat sedertdien gebeur het: Die party wat gebruik moes word vir die bereiking van die republikeinse ideaal, het in 1948 aan bewind gekom en die volgende jaar het sy leier na Londen gegaan. **Wat hy daar bereik het, het hy as volg by sy terugkeer in die parlement beskryf:**

### VERSTERKING VAN EMPIRE

**„Wat hier gedoen is, is nie tot verbreking van die Statebond nie. Wat gedoen is, is gedoen tot opbouing van die Statebond, tot behoud van die Statebond in sy eenheid en in sy mag, en die indruk wat die wêreld sou gekry het en ongetwyfeld gekry het, is nou verwyder, naamlik dat die Statebond besig is om te verbrokkel. Die eenheid van die Statebond en daarmee sy krag en mag in die wêreld is behou geword en ek wil sê hy is versterk geword . . . Op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar, en dit is dat ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly, om redes wat ek genoem het."** (Hansard No. 15, 1949.)

Met ander woorde, die politieke party, wat deel is van die Britse partystelsel, deug nie as instrument om die republiek te bring nie — hy bring inteendeel groter Empire-eenheid. Hy is onderhewig aan die swakhede van die partystelsel en daarom onbekwaam vir so 'n taak soos verkryging van die republiek.

**Daarom beskou die O.B. dit as 'n praktiese stap in die rigting van volkome onafhanklikheid om eers te begin by die herskepping van ons huidige staatstelsel wat op Britse lees geskoei is.** Wanneer die kunsmatige partystryd, wat deur die Britse stelsel vereis word, vervang is deur 'n stelsel waar eerlike meningsverskil oor die meriete van beginsels en ideale moontlik is, sal die afronding van ons strewe ook veel makliker en gouer geskied.

# Het Hand om Nek Gesit

**Mnr. H. P. Wassermann, Lang Riet, dist. Humansdorp, skryf:**

Ek lees in die koerant van 'n vrou met die naam Elinor Lipper wat 11 jaar in die helkampe van die Rooi paradys deurgebring het. Ek het haar beskrywing met aandag gelees. Ek is nie vir Rusland nie, maar waarom het Amerika en Engeland en Frankryk hand om die nek gesit met Rusland? My vraag is net dit: Waarom is Rusland vandag die swartste hond nadat hy sy vriende uit die modder gehelp het? Is Eisenhower nie vandag Duitsland se grootbaas nie? Waarom beskrywe hulle nie wat hulle aangerig het met die Duitsers na die oorlog nie? Wou Engeland nie die Afrikanervolk met wortel en tak uitroei nie? Engeland se geskiedenis het ek deur en deur gelees. Dit is 'n vuil geskiedenis; ek glo nie Rusland het 'n vuiler geskiedenis nie. My vraag is: Hoe het Engeland die Afrikaanse vrouens en kinders in die konsentrasiekampe behandel. Ek hoop iemand wat baie slim is, sal antwoord op my skrywe.

# NOG GENOEG TABAK, WYN EN BIOSKOPE VIR BRITSE VOLK

**Die Britse volk is so pas deur sy regering in kennis gestel dat daar groot besnoeiings in sy voedselvoorrade aangebring sal word in 'n poging om Brittanje se betalingsbalanse te laat klop. Die besparing op buitelandse invoer, hoofsaaklik voedsel, sal £350,000,000 per jaar beloop. Dit beteken minder vleis, minder groente, minder vrugte, ens. maar dit beteken nie minder rolprente, drank en tabak nie.**

Oor hierdie skewe verhouding, dat die volk se voedsel ingekort word maar nie sy tabak en brandewyn nie, het die voormalige onderminister van voedsel, Maurice Webb, sy spyt uitgedruk. Hy het gesê dat hy nie glo dit die regte ding is om met die besnoeiing van voedsel te begin nie. **Hy sou liewer 'n besnoeiing gesien het van die tabak- en petrolinvoer en van die invoer van buitelandse wyn, brandewyn en rolprente.**

„Dit is ondenkbaar dat die huisvrou nog verder geteister moet word terwyl tabak en petrol vir plesierritte heeltemal onaangeraak bly," het hy gesê.

Dit is opmerklik dat die Britse Arbeidersopposisie nou krokodiltrone huil oor die invoer van tabak en drank ten koste van voedsel. Toe hulle aan bewind was, het presies dieselfde ding gebeur.

# JEUGBEWEGING SE TAAK IN ONS TYD

**In die jongste aflewering van die Vlaamse jeugblad — Het Pennoen — verskyn 'n artikel oor die fundamentele taak van die jeugbeweging wat ongetwyfeld noukeurige aandag verdien. Die blad beklemtoon dat sake nie pluis is in ons tyd nie. Hy beweer dat die ondergang of die herrysenis van die aandland deur die jeug van vandag beslis sal word. Die blad bevind dat die taak van die moderne jeugbeweging derhalwe is om aan die jongmense 'n geestelike en idalistiese lewensbeskouing te gee, waaraan hulle tot die dood toe getrou kan bly. Het Pennoen skryf:**

„Er hapert beslist iets aan onze tijd. Wat? Volgens vele cultuurhistorici zou het de technisering van het leven zijn, het americanisme.

„En we zijn geneigd deze cultuurhistorici volmondig gelijk te geven. Er hapert iets. Nochtans willen wij ons toch ook niet overgeven aan voorste-vendelachtige cultuurpessimistische beschouwingen. Er zijn in Europa nog veel kernen waarvan de gedachten en de actie ons hoopval stemmen.

„Maar toch haper er iets.

### TEKORT AAN GEES

„En in dit verband zou ik graag een wijsgeer citeren die juist gezien heeft wat er hapert. Men moet geen schrik hebben: het is niet een Duitser die we zullen aanhalen, maar wel een Jood: Henri Bergson.

„In zijn 'Remarques finales' wyst deze luciede geest op het feit dat de evolutie van de techniek — die iets stoffelyks, iets lichamelyks is (ook de hogere diersoorten kunnen instrumenten hanteren en maken) — de laatste eeuwen te snel is verlopen, wanneer men althans deze evolutie vergelykt met de louter geestelyke groei van onze beschaving.

### HOëR WAARDES

„De diagnose van Bergson, wellicht de grootste denker van de eerste helft van deze eeuw, is klaar: onze tyd lydt aan een tekort aan geest.

„We zouden nog soortgelyke getuigenissen van andere denkers kunnen citeren, o.m. van Max Scheler, de meest gepassioneerde en de meest passionerende van de wijsgeren van deze eeuw. Maar dit lijkt ons overbodig. Wie zou immers aarzelen Bergsons diagnose te onderschrijven? Wie zou beweren dat de geneesmiddelen die hij voorschrijft, niet geschikt zijn?

„Alleen voor buik en geldbeugel schijnt de hedendaagse mens nog belangstelling te hebben. En dat juist zou moeten veranderen. De belangstelling zou moeten op hogere waarden gericht worden.

### DIE FUNDAMENTELE TAAK VAN DIE JEUGBEWEGING

„Hoe nu het euvel van deze tijd te boven komen?

„Hoe weer aan de mensen geven wat ze nodig hebben opdat alles weer zou in orde komen?

„De opvoeding van de jeugd kan daar zeer veel, zo niet alles, aan doen. We moeten een gezonde generatie tot stand brengen.

**„De opvoeding van de jeugd is heden ten dage het alles beheersend probleem. Van de oplossing ervan hangt de ondergang of de opstanding van het Avondland af.**

**„Die opvoeding zou er moeten in slagen een idealistische en spiritualistische generatie in het leven te roepen.**

„Kan de school dit? We zullen deze vraag hier niet beantwoorden. Het is ongetwijfeld de taak van de school aan opvoeding te doen. Maar vervult zij deze taak? Kan zij deze taak nog vervullen? Men mag opvoeding inderdaad niet verwarren met onderwijs, een onderdeel van de opvoeding.

### OPVOEDING

„De school geeft gewis onderwijs. Geeft zij opvoeding? Heel dikwels niet. Ze kan het niet steeds.

„Wij willen echter niet uitweiden over dit vraagstuk. Het doet in ons betoog trouwens niets ter zake: er moet hier gewezen worden op de opvoedende taak van het jeugdwerk.

„Kan de school opvoeden: zoveel te beter. Het jeugdwerk zal aanvullen.

„Kan zij het niet. Het jeugdwerk zal aanvullen.

„De rol van het jeugdwerk blijft dus deselfde.

„We hebben aangetoond hoe diep vooral de jeugdbeweging in enge zin, ingrijpen kan in het persoonlijk leven van de jongen. Waarom dan van de jeugdbeweging geen gebruik gemaakt om de jongen op te brengen in idealistische en spiritualistische zin?

### IDEALISME

„De wereld zal grotendeels gered zijn als de jeugd opnieuw een ideaal in haar leven steekt.

„Het ideaal dat ons leven moet vergulden, moeten we in onze jeugd ontdekken.

„De fundamentele taak van de jeugdbeweging is dan: aan de jongens een spiritualistisch-idealistische levensbeschouwing geven, een levensbeschouwing die ze tot de dood toe kunnen getrouw blijven.

„En aldus heeft de jeugdbeweging nog dezelfde rol te vervullen die ze en halve eeuw vroeger te vervullen had: **de jeugd leren leven los van de machine, los van het rationalisme, los van de geldbeugel, terug naar de diepere zin van het leven, terug naar God."**

# MOET SKOOLRADE VAN PARTYPOLITIEK BEVRY, SÊ BLAD

**'n Pleidooi dat die partypolitieke stryd in skoolrade deur wedersydse ooreenkoms tussen die partye beëindig moet word, word deur die Cape Argus gelewer nadat die blad 'n reeks berigte gehad het waarin hy die uitslae van skoolraadsverkiesings in Transvaal aankondig as synde Nat- of Sap-oorwinnings. Die blad openbaar ook die partypolitieke motief agter hierdie partyverkiesings oor 'n opvoedkundige aangeleentheid — die doel is om die jeug vir die party te wen wanneer hulle eendag stemgeregtig is. Hy skryf:**

„Ongeneeslike politieke partygesindes mag juig wanneer hul party beheer oor 'n skoolraad verower, en die gedagte dat 'Sappe en Natte' die tradisionele speletjies van die skoolgrond vervang, mag hul dors na partywins les. **Diegene wat egter glo dat die klaskamer vry moet wees van koukus-oorheersing betreur die voortdurende besmetting deur partypolitiek van alles wat 'n gemeenskapsbedrywigheid is.**

„Maandag het die Argus byvoorbeeld berig dat die Verenigde Party setels in die Potchefstroomse skoolraad verower het. Die Verenigde Party is natuurlik gedwing om sulke verkiesings te veg aangesien dit lankal een van die aangekondigde beginsels van Nasionalisme is dat politieke opvoeding in die wieg moet begin, in die klaskamer moet voortduur en eindig by die graf.

**„Dogma word makliker aan die jong en ontvanklike gemoed verkondig, en politieke invloede in die onderwys lewer later diwidende by die stembus.** In hierdie ongelukkige stryd om beheer van skoolrade is die Verenigde Party en Arbeidersparty teen hul sin gesleep. Dit is tyd dat hierdie ellendige geveg beëindig word deur wedersydse ooreenkoms tussen die politieke partye. **Die welsyn van die kind behoort die versoeking om politieke voordeel te pers uit die samestelling van liggame wie se doelstellings bo die politiek verhewe behoort te wees, te bowe te kom.**

„Die 'politikalisasie' van Suid-Afrikaanse bedrywighede het die stadium van onrusbarendheid bereik. Dit mag nog eendag die mode word om op grafstene te vermeld wat die politieke oortuigings van die afgestorwenes was."

# Lewende Organisme met Londen as Kop

**Die Empire-konferensie van ministers van finansies wat op 15 Januarie aanstaande jaar in Londen vergader onder Britse voorsitterskap, is die derde van sy soort. Dit is 'n nuwe ontwikkeling sedert die oorlog, en toon aan tot watter mate die Empire-beleid geseëvier het ten spyte van sogenaamde verhoogde status.**

**In plek van die formele Britse oorheersing het daar nou „vrywillige" samewerking gekom wat van die Britse Statebond inderdaad 'n „lewende organisme" maak wat so nou saamwerk dat geen formele bande eintlik meer nodig is nie.**

**Dit is soos die draadjie waarmee 'n dokter wonde toewerk. Sodra die vleis aanmekaar gegroei het, kan die draadjies maar verwyder word. Namate die Empire hegter word op geestelike gebied, laat Londen toe dat die steke uitgehaal word. In plek van die voormalige „minister van kolonies" in Londen kom mettertyd die „voorsitter" van Empire-konferensies in Londen.**

# RUSSE „ONTGIN" 'N EILAND

**Daar het onlangs 'n onskuldige beriggie in die pers verskyn wat lui dat die eiland Spitzbergen, wat Noorweegse gebied is, en as sodanig onder beheer staan van die Noordelike Streekbevel van die Atlantiese Verbond, waarvan Noorweë lid is, gedemilitariseerd sal bly. Maar agter hierdie beriggie skuil 'n interessante storie.**

In 1920 is Spitzbergen onder Noorweegse soewereiniteit geplaas, ooreenkomstig 'n Geallieerde Verdrag.

Sedertdien het die Russe nog altyd pogings aangewend om beheer oor die eiland te verkry. Hoewel hierdie pogings nie suksesvol was nie, het Rusland tog in 1925 nadat hy ook die verdrag onderteken het, handelsregte op die eiland verkry. En dit ook uitgeoefen veral ten opsigte van die ontginning van die steenkoolmyne

**Dit blyk nou dat die Russe glad nie besig is om steenkool te ontgin op die eiland nie. Inteendeel, hulle is besig om, onder dekking van handelsbedrywighede, 'n lugbasis op die eiland in te rig sowel as 'n metereologiese stasie.**

**Die Russe op die eiland is almal opgeleide soldate en die „myn-toerusting" wat 'n stroom Russiese skepe aflaai is wapentuig. Vir alle praktiese doeleindes is die eiland reeds 'n Russiese militêre vesting en die Russe kan enige oomblik die eiland formeel „beset."**

Die betekenis van Spitzbergen as lugbasis kan nie maklik oorskat word nie. Die moondheid wat die eiland beset kan uit die lug verwoesting saai onder die skepe wat van Amerika, oor die Atlantiese oseaan, na Europa moet vaar. En daardie moondheid is Rusland.

Vanselfsprekend moet die eiland vir die Noordelike Bevel van die Atlantiese Verbond gedemilitariseerd bly — want die Russe het hom reeds gemilitariseer!

# Troepe Buite S.A. se Grense

**Daar is verlede week aangekondig dat Suid-Afrika op besluit van ons regering ingeskakel is by die verdediging van die Midde-Ooste onder bevel van die Britse generaal, sir Brian Robertson en dat die Unie grond- en lugmagte daarheen sal stuur vir geval van oorlog teen „kommunistiese aggressie."**

**Die landmagte sal onder bevel van 'n Turk staan.**

**Die ander deelhebbers is Amerika, Brittanje, Turkye, Australië en Nu-Seeland.**

**Dit is die eerste maal in Suid-Afrika se geskiedenis dat sy regering in vredestyd oorlogsverpligtinge buitekant Afrika op hom neem. Wie en hoe besluit sal word of 'n oorlog ontstaan as gevolg van „kommunistiese aggressie," is nog 'n onuitgemaakte saak. Volgens sommige sit kommuniste agter die olie-geskil in Persië en die onluste in Egipte.**

# *Naturelle tot V.V.O. Toegelaat*

**Die Voogdykomitee van die V.V.O. het met 37 stemme teen 7 (7 lande het buite stemming gebly) toestemming verleen aan stamhoofde uit Suidwes-Afrika om in Parys mondelinge vertoë en klagte teen Suid-Afrika tot die komitee te rig.**

Dr. T. E. Dönges, leier van die Suid-Afrikaanse afvaardiging, het kwaai weerstand gebied. Hy het verlening van toestemming as 'n „onverdiende belediging" vir Suid-Afrika bestempel wat „baie ernstige gevolge sal hê."

**In 'n hoofartikel oor die „Ongelukkige Beslissing" verklaar die Cape Times dat „die meerderheid lede gestem het as 'n blok van verteenwoordigers van die gekleurde volke van die wêreld en nie as manne wat moes bepaal of die V.V.O. die konstitusionele reg het om die Hereros aan te hoor nie."**

# Britse Koukus Vergader in Parys

Ons het meermale beklemtoon dat die Britse Statebond niks anders as 'n internasionale partykoukus op die gebied van die wêreldpolitiek is nie. Dit is 'n koukus van lande wat hul gemeenskaplikheid net daarin vind dat hulle deur Londen aanmekaar gesnoer is en help om Londen se prestige te handhaaf en sy wêreldpolitiek te bevorder.

Hoe reg hierdie beskouing is, blyk uit 'n berig verlede week dat verteenwoordigers van die Statebond op die V.V.O. verlede week 'n geheime vergadering sou hou ten einde „hul standpunt te bespreek ten opsigte van verskillende belangrike punte op die agenda van die V.V.O. se Algemene Vergadering." Brittanje, Suid-Afrika, Kanada, Australië, Nu-Seeland, Indië en Pakistan sou die koukus bywoon.

# Rooies Sterker in Korea

Besorgdheid oor die oorlogstoestand in Korea is verlede week uitgespreek deur genl. sir Horace Robertson, voormalige bevelhebber van die Britse Statebondstroepe in Japan. Die vyand, het hy gesê, is nou beter toegerus met mortiere, artillerie, vuurpyle, tenks en vliegtuie, en daar sal waarskynlik 'n styging in die ongevalle wees.

Hy het gesê dat die vyand se voorrade en ammunisie blykbaar onbeperk is, en met 2,000 bomme per uur oor een brigade-gebied begin die oorlog die voorkoms te kry van die Eerste Wêreldoorlog in Frankryk.

$ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede